

Donderdag, 5 Desember 2024

Beste SAVN-lede,

Baie dankie vir almal se harde werk om die SAVN vanjaar een van die mees aktiewe vakorganisasies in Suider-Afrika te maak! Dit was 'n jaar met baie hoogtepunte en samewerking van verskillende soorte, maar ook van hartseer by die afskeid en afsterwe van geliefde kollegas. Eerstens wil ek dankie sê aan ons beleidsadviseur me. Karlijn Waterman van die [Taalunie](#) en die direkteur van die [Internationale Vereniging voor Neerlandistiek](#) (IVN) me. Anne Sluijs. Sonder julle sal ons nie bestaan nie en ek wil julle graag bedank vir 'n fantastiese samewerking. Tweedens, aan dr. Nicolas Vandeviver en mnr. Thomas Castrel van die [Vlaamse Vertegenwoordiging](#) en mnr. Berto Bosscha en sy span van die [Nederlandse Ambassade](#) in Suid-Afrika. Ons loop nie hierdie pad alleen nie en dit is vir ons heerlik om saam met julle aktiwiteite aan te pak. Derdens, ons het tydens die SAVN-kongres in Windhoek van 8-10 Julie 2024 twee van ons vorige bestuurslede gegroet: prof. Adri Breed en prof. Nerina Bosman. Ons het ook afskeid geneem van penningmeesterassistent mev. Kobie de Kamper. Onder prof. Breed se leiding, het die SAVN-bestuur twee kongresse in een termyn gereël: die gekombineerde SAVN-kongres saam met die IVN-colloquium in Nijmegen in 2022 en die SAVN-kongres in Windhoek van 8-10 Julie 2024. Die vorige bestuur het ook die Alfred Schaffer-erelesing in 2023 ingestel as driejaarlikse instelling.



Figuur 1. Bestuursvergadering van die voormalige SAVN-bestuur in Hermanus in Januarie 2024.

Erelidmaatskap: prof. Nerina Bosman en prof. Wannie Carstens



Figuur 2. Prof. Wannie Carstens en prof. Nerina Bosman ontvang albei SAVN-erelidmaatskap by die Windhoek-kongres.

Die Windhoek-kongres was besonder spesiaal, aangesien prof. Nerina Bosman en prof. Wannie Carstens SAVN-erelidmaatskap ontvang het. Lees hier prof. Breed se commendatio aan prof. Carstens: <https://voertaal.nu/commendatio-by-die-toekenning-van-erelidmaatskap-van-die-suider-afrikaanse-vereniging-vir-neerlandistiek-aan-nerina-bosman-9-julie-2024/>; en prof. Bosman se commendatio aan prof. Carstens: <https://voertaal.nu/commendatio-by-die-toekenning-van-erelidmaatskap-van-die-suider-afrikaanse-vereniging-vir-neerlandistiek-9-julie-2024/>.

Die nuwe SAVN-bestuur is as volg saamgestel:

- Voorsitter: Prof. Alwyn Roux (Unisa)
- Ondervoorsitter: Me. Gonneke Groenen (NWU)
- Sekretaris en argivaris: Prof. Sonja Loots (UK)
- Penningmeester: Prof. Angelique van Niekerk (UVS)
- Bemarking en webblad: Me. Lenelle Foster (US)
- TNA-redaksie: Dr. Marni Bonthuys (redakteur, UWK) en mnr. Marius Swart (mederedakteur, US)

Ons is dankbaar vir die vertroue wat in ons gestel is en sien uit daarna om saam met ons lede voort te bou aan die toekoms van Neerlandistiek in Suid-Afrika. Die SAVN-bestuur wens dan ook vir prof. Sonja Loots geluk met haar bevordering tot medeprofessor aan die UK.


Leedwese

Ons is hartseer oor die afsterwe van drs. Anastasia de Vries, een van die mees geliefde en bekende lede van die SAVN. Soos Sonja Loots namens die SAVN-bestuur geskryf het: “Anastasia was klein van postuur, maar haar skaterlag, haar humorsin, haar hart, haar talent, haar kennis, haar nederigheid en haar impak op haar studente en kollegas was enorm. Ons simpatie aan haar familie en al ons kollegas by die Universiteit van Wes-Kaapland, waar sy werksaam was. Ons huil saam met julle en jul studente. Daar was net een Anastasia.” Ons deel in hierdie verlies en eer haar nalatenskap in die Suider-Afrikaanse Neerlandistiek.

Hoogtepunte van die semester

1. SAVN-kongres in Windhoek, 8-10 Julie

Van 8 tot 10 Julie 2024 het die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) se driejaarlikse kongres in Windhoek plaasgevind. Dié kongres sou reeds in 2020 by die Departement Afrikaans van die Universiteit van Namibië (UNAM) plaasgevind het, maar weens die Covid-19-pandemie is dit uitgestel.



Figuur 3. Voorblad van die kongresboekie in Windhoek.

In 2022 het die SAVN-bestuur voorgestel dat die SAVN-kongres saam met die Internasionale Vereniging voor Neerlandistiek (IVN) se IVN-colloquium gehou word. Die IVN-colloquium, met 'n spesiale been van die SAVN-kongres, het van 22–26

Augustus 2022 in Nijmegen plaasgevind. Lees hier vir 'n oorsig van die kongres: <https://voertaal.nu/die-driejaarlikse-kongres-van-die-suider-afrikaanse-vereniging-vir-neerlandistiek-savn-windhoek-8-10-julie-2024/>. Dit was dan ook heerlijk om te sien dat die IVN-direkteur me. Anne Sluijs die kongres bygewoon het en 'n postiewe verslag daarvan geskryf het: <https://www.ivn.nu/nieuws/verslag-van-het-11e-savn-congres-in-windhoek-2391>.

2. Dr. Katja Tereshko se Wisseldosentskap aan die Universiteit van die Vrystaat

Een van die hoogtepunte van hierdie semester was dr. Katja Tereshko se Wisseldosentskap (taalverwerwing) aan die Universiteit van die Vrystaat. Prof. Angelique van Niekerk het 'n onderhoud met dr. Tereshko gevoer oor haar haar ervaring as gasdosent Nederlandse taalverwerwing in Suid-Afrika. Hier is die skakel na die onderhoud op *Mondiaal*: <https://neerlandistiek.nl/2024/11/interview-dr-katja-tereshko/>.



Figuur 4. Prof. Angelique van Niekerk en dr. Katja Tereshko tydens die Wisselleerstoel (taalverwerwing) aan die Universiteit van die Vrystaat.

3. Redenaarskompetisie en internasionale betrokkenheid

Die SAVN het gehelp om die eerste internasionale Nederlandse redenaarskompetisie op die been te bring in samewerking met die Nederlandse ambassade in Suid-Afrika. Dit was 'n reusesukses en die wenner is afkomstig van die Universiteit Pretoria: me. Ariana Eybers. Dankie aan prof. Bosman wat haar onder haar vlerk geneem het. Die

ander deelnemers het ook leiding ontvang van ons Nederlandse dosente in Suid-Afrika en daarvoor is ons besonder dankbaar. Hier is 'n onderhoud wat dr. Neil van Heerden (Unisa) met me. Eybers gevoer het op *Mondiaal*: <https://neerlandistiek.nl/2024/12/stemmen-over-grenzen-eerste-internationale-redenaarscompetitie-verbindt-wereldwijd-talent-door-de-neerlandistiek/>.



Figuur 5. Me. Ariana Eybers stap weg met die louere by die internasionale redenaarskompetisie in Leiden.

4. Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans (TNA)

Ons is trots op die bestendige vordering van die *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, wat in 2024 albei uitgawes betyds sal publiseer. Die eerste uitgawe, 25(1), sal gewy wees aan referate van die SAVN-kongres, terwyl die tweede uitgawe, 25(2), as 'n huldeblyk aan ons geliefde kollegas prof. Steward van Wyk en drs. Anastasie de Vries opgedra sal wees. Die redaksiespan, onder leiding van dr. Marni Bonthuys en mnr. Marius Swart, werk nou saam met Sabinet om die uitgawes so vinnig as moontlik aanlyn beskikbaar te stel.

5. Webontwerp en bemerking

Die SAVN-webblad is in die proses om 'n "facelift" te kry. Ons webontwerper webontwerper en bemarker me. Lenelle Foster sal aan die begin van 2025 'n mediaplan voorlê om die SAVN se sigbaarheid verder te versterk met die klem op sosiale media en digitale platforms. Daar sal dan ook 'n SAVN-leeromgewing (aanlyn)

geskep word wat spesifiek gaan fokus op die beskikbaarstelling van opnames van die Wisselleerstoele (ondersoek en taalverwerwing) aan Neerlandistiek-studente aan Suider-Afrikaanse universiteite. Dié leeromgewing sal in Julie 2025 saam met die ondersoekswisselleerstoele aanvang neem.

6. *Neerlandistiek* se nuwe katern: *Mondiaal*

Die *Neerlandistiek*-webblad van prof. Marc van Oostendorp, www.neerlandistiek.nl het onlangs 'n nuwe katern, genaamd *Mondiaal* geloods wat fokus Neerlandistiek in mondiale verband.



Figuur 6. Die redaksie van Mondiaal Neerlandistiek.a

Die internasionale redaksie bestaan uit Gemma Blacker (Universiteit van Sheffield), Bojana Budimir (Universiteit van Belgrado), Oana Ciuraru (Universiteit van Boekarest, redactiesecretaris), Jihie Moon (Hankuk Universiteit voor Buitenlandstudies in Seoul), Alwyn Roux (Universiteit van Suid-Afrika), Micaela Van Muylem (Nasionale Universiteit van Córdoba), en Dolores Ross (Universiteit van Triëst). Hierdie katern bied 'n platform wat ten doel het om globale netwerke in die Neerlandistiek te versterk. Kontak my gerus indien jy enige nuuswaardighede aan 'n internasionale gehoor wil kommunikeer: <https://neerlandistiek.nl/2024/09/welkom-mondiaal/>.

Vooruitsigte vir die nuwe jaar

1. Januarie-taalverwerwingskursus in Hermanus en SAVN-bestuursvergadering

'n Intensiewe Nederlandse taalverwerwingskursus vind van 20-24 Januarie 2025 in Hermanus plaas en sal deelnemers voorberei vir die CNaVT-eksamen in Mei. Hierdie kursus is 'n belangrike geleentheid om Nederlandse taalvaardighede by Suid-Afrikaanse dosente en nagraadse studente te bevorder. Altesaam 20 deelnemers het geregistreer en ons sien uit na die geleentheid. Besonder baie dank aan me. Karlijn Waterman en mnr. Steven Vanhooren van die Taalunie wat hierdie spesiale geleentheid moontlik gemaak het. Hierdie geleentheid val ook saam met die SAVN-bestuursvergadering van 19-24 Januarie 2024. Enige voorstelle vir agendapunte kan aan my via e-pos gekommunikeer word.

2. Besoek van Karlijn Waterman en Gunther Van Neste – Taalunie

Ons is opgewonde om aan te kondig dat me. Karlijn Waterman (beleidsadviseur by die Taalunie) en mnr. Gunther Van Neste (Algemene Sekretaris van die Taalunie) op 24 Januarie 2025 hul besoek aan Suid-Afrika sal begin. Hul besoek skop af met die afsluiting van die Taalverwerwingskursus in Hermanus, waarna verdere ontmoetings en instansiebesoeke beplan word. Hierdie is 'n oop uitnodiging aan persone en instansies wat belangstel om hulle te ontmoet of voorstelle vir besoeke te maak: Karlijn Waterman (kwaterman@taalunie.org).



Figuur 7. Die Algemene Sekretaris van die Taalunie – mnr. Gunther Van Neste. (Foto: www.taalunie.org).

3. Winterskool 2025

Die beplanning vir ons jaarlikse Winterskool is reeds aan die gang. Ons beoog om dit by Hartenbos te hou, van 6 Julie tot 12 Julie 2025, wat ons toelaat om saam te werk met die Universiteit Kaapstad as gasheeruniversiteit. Meer inligting sal vroeg in die nuwe jaar hieroor gekommunikeer word.

4. IVN-colloquium in Brussel, Augustus 2025

Ons nooi graag ons kollegas uit om deel te neem aan die IVN-colloquium, wat van 25-29 Augustus 2025 in Brussel plaasvind. Hierdie kongres bied 'n uitstekende geleentheid vir internasionale samewerking. Voorstelle vir referate kan tot 15 Desember aangestuur word: <https://colloquium.ivn.nu/oproep-tot-bijdragen-30>.



5. Wiselleerstoel 2025 (Julie-Oktober)

Die wisselleerstoel (ondersoek) begin op 28 Julie 2025 en die aangewese dosent sal fokus op fisiese teenwoordigheid by die drie Kaapse universiteite (op roterende basis). Die ondersoekleerstoel, opgestel met insette van die SAVN, IVN en Taalunie, sowel die Vlaamse Verteenwoordiging en Nederlandse Ambassade in Suid-Afrika, sluit van 2025 'n aanlynkomponent in, wat alle Afrikaans en Nederlandse departemente uitnooi om hulle studente hiervan deel te maak. Meer inligting sal vroeg in die nuwe jaar hieroor bekendgemaak word.

Ons sien daarna uit om in 2025 voort te bou op ons sukses en SAVN verder te versterk as 'n platform vir die Neerlandistiek in Suider-Afrika. Laat weet my gerus indien jy enige voorstelle het vir die nuwe jaar.



Alwyn Roux,

SAVN-voorsitter

erouxap@unisa.ac.za